RAADSBELEID

ONDERWERP : STRAATAFKONDIGINGS EN OPTOGTE

VERWYSING : 17.3.3.1

BESLUIT NR : 13.21/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om straatafkondigings en optogte te reguleer sodat dit ordelik, binne die riglyne van die Padverkeerswet geskied.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad erken die publiek se se behoefte aan straatafkondigings en optogte.

RIGLYNE
Straatafkondigings
1. Goedkeuring vir straatafkondigings word slegs in die volgende gevalle toegelaat:

1.1 Noodgevalle.
1.2 Verkeersdoeleindes.
1.3 Kultuurgerigte byeenkomste.
1.4 Raadsaangeleenthede.
1.5 Nasionale- en Provinsiale aangeleenthede.

2. ‘n Aansoekvorm om straatafkondigings te maak moet by die Hoof Verkeersdienste ingedien word.

Straatoptogte
1. Slegs sekere organisasies, mag optogte hou deur die sentrale sakegebied:

1.1 Militêre optogte.
1.2 Optogte verbonde aan feesgeleenthede.
1.3 Jool of fondsinsameling ten opsigte van hoër opvoedkundige inrigtings.
1.4 Openbare feesdae.
1.5 Politieke optogte asook stakingsoptogte.

2. ‘n Aansoekvorm om straatafkondigings te maak moet by die Hoof Verkeersdienste ingedien word.

PROSEDURE
Straatafkondigings
Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas.

1. Die Direkteur Ontwikkelingsdienste of sy gedelegeerde, mag goedkeuring vir ‘n straatafkondiging verleen.

2. Vir uitsonderlike verdienstelike gevalle buite die neergelegde riglyne sal die Munisipale Bestuurder of sy gedelegeerde, goedkeuring verleen.

3. Ten opsigte van alle gevalle sal die volgende voorwaardes geld:

3.1 Die voertuig moet voortdurend beweeg.

3.2 Die mikrofoon se sterkte moet vooraf, in oorleg met die Hoof Verkeersdienste bepaal word.

3.3 Alle straatafkondigings se uitsendingstye sal volgens die goedkeuringsbrief vasgestel word.

3.4 Die voertuig van uitsending moet voor uitsending aan die Hoof Verkeersdienste of sy gedelegeerde getoon word om sy padwaardigheid te bepaal.

3.5 Alle aansoeke moet op vorm **BD 41** vir goedkeuring, voltooi word.

3.6 Alle aansoekvorms moet ten minste **3 dae** (uitgesluit dag van indiening) vir goedkeuring ingedien word.

Optogte

1. Tensy anders deur die Direkteur Ontwikkelingsdienste of sy gedelegeerde besluit, mag slegs optogte soos verwys in paragrawe 1.1, 1.2, 1.3, 1.4 en 1.5 deur die sentrale sakegebied beweeg.

2. Alle aansoeke volgens paragraaf 1.5 moet op die aansoekvorm **Kennisgewing kragtens die Wet op reëling van byeenkomste**, **3 dae** voor die optog (uitgesluit die dag van indiening) ingedien word.

3. Alle aansoeke volgens paragrawe 1.1, 1.2, 1.3 en 1.4 moet ten minste **3 dae** voor optog (uitgesluit dag van indiening) op aansoekvorm **BD 41**, vir goedkeuring voltooi word.

4. Dat slegs **EEN** optog op ‘n dag hanteer word tensy ‘n tweede optog se tyd nie met die eerste optog oorvleuel nie.

5. Roetes en voertuie wat deelneem moet vooraf met die Hoof Verkeersdienste of sy gedelegeerde uitgeklaar word.

ROLLE

Die Afdeling Verkeersdienste, Seksie Verkeer.

VERWANTE BELEID

1. Wet op Reëlings van Byeenkomste (Wet no.205 van 1993).
2. Padverkeerswet (Wet no. 93 van 1996).
3. Standaardverordening insake Strate.
4. Gedelegeerde bevoegdhede.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.